# DIT IS TYD



Ahavah Familiekerk

www.ahavah.org.za

## Inleiding

Die afgelope vyftien maande het die wêreld waarin ons woon 'n "vreemde" plek geword. Die wêreld soos ons dit as "normaal" beleef het, het radikaal verander. Die onwerklike het waar geword! Besige stede se strate was leeg, geen verkeer, geen mense by parke, besienswaardighede, strande of openbare aantreklikhede nie. Almal dra maskers en niemand mag naby mekaar kom nie. Gedurende die tyd het onsekerheid, valse nuus, spekulasie, opinies en wantroue in mense, regerings en selfs die mediese wêreld die hoogte ingeskiet. Soveel mense, soveel opinies en elke persoon spekuleer dat net hy of sy die antwoord het, die navorsing gedoen het, die feite het.

Mense bel my as 'n gewone mens, sonder enige mediese agtergrond vir advies en ek is net so "clueless" soos jy! Ek weet nie wat in die virus is, waarvandaan dit regtig kom en ook nie of die teenmiddel enigsins effektief is of net nog 'n manier is om ons om die bos te lei deur korrupte mense en regerings nie.

MAAR!!!!! Daar is iets waarvan ek seker is, en dit is dat God in beheer is! God is in beheer van alles en HY is groter, magtiger as enige iets. Hy is ALMAGTIG, ALWETEND, ALOMTEENWOORDIG, EWIG en ONVERANDERLIK. Hierdie vyf eienskappe behoort net aan God Drie-enig en niemand anders nie. Daarom is HY nie net groter as die virus en antivirale middels nie, HY kan hierdie virus stop, genees, beheer en selfs gebruik.

Die afgelope 15 maande moet ons as mensdom, veral mense wie "kleim" dat hul Christene is oproep tot verantwoordelikheid. Ja! Daar is niks soos 'n wêreld krisis om mense te dwing om die waarheid te soek nie! Daar is ook niks wat die goddelose sal doen om God te blameer nie. So, kies jou kant! Dit is tyd dat JY kies! Die Here druk hierdie Woord al die afgelope paar weke op my hart, so hier kom dit.

Bestudeer self die Woord m.b.t. hierdie noodsaaklike keuse. Hierdie week gaan ek jou nie voer nie, ek gaan dat die Woord jou voed en lei sodat jy kan kies. DIT IS TYD OM TE KIES!

# 1. Dit is tyd om God se plan te aanvaar

## a. Verhouding

### i. God skep 'n wese na Sy Beeld met wie HY in verhouding wil wees

- Mense is anders as die res van die Skepping
- Genesis 1:26,27

### ii. God gee hierdie wese die vermoë om te redeneer en te kies

- Genesis 2:15-20

### iii. Verkeerde keuses kom tussen God en hierdie wesens (mense)

- Genesis 3:1-15
- Romeine 5:12-15

### iv. God gee die oplossing

- Romeine 5:16-21
- Let op Vers 20! Ons oordeel maklik, maar God se genade het geen perke nie, hoe groter die sondes en sonde-tal, hoe groter die genade!
- Let ook op die sonde heers nie meer nie, die genade heers! (Regeer, het oorwin!)
- God se oplossing en genade belofte! – Genesis 3:15

### v. Iemand moet sterf om jou sonde te bedek

- Die offers van die Ou Testament, voorlopers vir die Offer aan die kruis.
- Abraham se offer as teken van wat kom – Genesis 22:2 en Johannes 3:16
- Vrywillige offers - Levitikus 1-3
- Verpligte offers – Levitikus 4-7
- Jesus die LAM – Johannes 1:29 en 36; Jesaja 53:7; 1 Pet 1:19; Openbaring 7:17

## b. Plaasvervangende Versoening

### i. Die bokkie se vel

- 'n Bokkie sterf om mens se naaktheid te bedek – Genesis 3:21
- Jesus sterf om jou naaktheid te bedek – Romeine 4:7

ii. **Diere sterf dat mense leef**
   - Paasfees – Exodus 12:1-14 is die belofte van Verlossing.
   - Die bloed is die teken van “Passover” – Exodus 12:13; Romeine 5:9; Efesiërs 1:9; Kolossense 1:14; 1 Johannes 1:1-9 en BAIE ander plekke.
   - Jesus sterf op Paasfees as vervulling van die belofte – Markus 14 en ander Evangelies.

iii. **Die Volmaakte offer**
   - Die Groot Versoendag is ingestel waar die Hoëpriester namens die volk versoening gedoen het een keer per jaar. (Levitikus 16, 17 – sien ook Levitikus 23:27 en 28)
   - God se offer – Hy offer Sy Seun. (Johannes 3:16; Kruisverhaal in Evangelies)
   - Die Voorhangsel skeur en maak ’n weg vir ons na God, tot binne die Allerheiligste. (Mat 27:51 en ander Evangelies; Hebreërs 10:19-21) – NUWE VERSOENDAG!

iv. **Jesus sterf dat jy kan leef**
   - Hy is die enigste weg tot God – Johannes 14:6
   - Hy betaal die volle prys – Johannes 19:30; 1 Korintiërs 6:20 en 7:23
   - Hy klop aan jou hart en wag! – Openbaring 3:20

## 2. Dit is tyd om te kies

a. **Jy moet Hom kies – Johannes 1:12**

b. **Jy word gered deur genade – Efesiërs 2:8,9**

Let wel: Ons kan nie daarvoor werk nie. Werke of vrug is NA Wedergeboorte uit dankbaarheid. Anders is dit ek wat dit verdien i.p.v. genadige geskenk van God. (Johannes 10:28,29)

### c. Wedergeboorte (Johannes 3)

i. Nikodemus vra Jesus oor die Ewige Lewe en dit is Sy eie antwoord en verduideliking. Hy vergelyk dit met ’n geboorte! (Johannes 3:3 en 3:5)

ii. Geboortes is permanent en kan nie ongedaan gemaak word nie.

iii. Ons kan hoeveel keer self besluit, ek gaan my bekeer.... ek gaan, is nie goed genoeg nie, dit MOET oorgaan in 'n daad van God. God red jou! Hy laat jou WEER GEBORE WORD. Jy vra Hom opreg, Hy doen!
iv. Bekering is die daad van die mens: Ek sal.... of ek gaan.... of ek gaan nie.... Dit moet gevolg word deur 'n opregte belydenis en aanneming van God. (Spreuke 28:13) Dan wederbaar God jou!
v. Die sondaar moet sy eie geloofvertroue verplaas in Jesus wat namens jou gesterf het en Sy gratis Gawe van die Ewige Lewe aanvaar. (1Johannes 5:11-13; 1 Johannes 1:9)
vi. Slegs Jesus! Niks anders. Niks meer en niks minder nie, Sy bloed is genoeg! (1 Johannes 1:1-10)
vii. Net Hy kon betaal want Hy was nie sondaar nie. (2 Korintiërs 5:21; 1 Korintiërs 15:45-49)

d. **Nuwe Skepsel**

i. Geboortes is die teken van nuwe lewe (Romeine 6:4)
ii. Nuwe skepping (2 Korintiërs 5:17)
iii. Nuwe potensiaal (2 Korintiërs 5:18,19)
iv. Ewige verlossing (Hebreërs 9:11-15; Johannes 10:28,29)

## 3. Dit is tyd om God se opdrag uit te voer

As ons dan hierdie vrye gawe ontvang deur genade, sonder verdienste, is dit die einde van die storie? Het ek nou my "plek in die hemel" en nou kan ek agteroorsit en maak wat ek wil, nè? NEE!!!!!! Nou begin die verhouding en grootmaak proses en groei en volwasse word en verantwoordelikheid as kind van God. Wanneer 'n kind gebore word los ons nie die kind in die hospitaal nie. Ons los hom nie dat hy baba taal praat en melk drink uit 'n bottel tot op 21 nie! Ons los hom nie dat hy ongemanierd, en sonder opvoeding deur die lewe gaan nie. Ons maak hierdie kind groot om as volwasse mens sy plek vol te staan in die samelewing.

**Wel God ook! Hy gee die opdrag: Lees Matteus 28:19,20; Markus 16:16; Handelinge 1:8 en ander plekke.**

Ons Verantwoordelikheid:

a. **Maak dissipels** – Ons moet ander na God lei.
b. **Doop hulle** – Ons moet hulle help om Hom te bely in die openbaar nadat hulle ook gered is soos ons.
c. **Leer hulle** – Ons moet hulle leer om in Sy weë te wandel en te groei. Ons moet vir hulle tot voorbeeld wees en hulle mentor.
d. **Stuur hulle** – Ons moet hulle stuur om weer saam met ons nuwe mense te bereik.

As dit nie gebeur nie, vervul ons nie ons taak op aarde nie!

## 4. Dit is tyd om wakker te word en jou plek vol te staan

a. **Jy is geroep tot diens** (Matteus 28:19,20; Handelinge 1:8; Johannes 20:21; Romeine 6:19-22)
b. **Jy moet aantrek** – Trek aan vir die oorlog (Efesiërs 6:10-18)
c. **Jy moet jou Gawes ontdek en gebruik** (1 Korintiërs 12-14)
d. **Jy moet vrug dra en groei** (Johannes 15; Mat 3:8; Hebreërs 5:12-14)

## 5. Dit is tyd om eerlik te raak met jouself

### a. Is jy net 'n Christen of ware kind van God

i. Christene volg 'n godsdiens en leerstellings en reëls, jy kan in die Christelike godsdiens gebore word, omdat jou ouers Christene is, maar nie deur jou natuurlike geboorte nie.
ii. Jy kan slegs as kind van God gebore word met jou TWEEDE geboorte (Johannes 3), anders leef jy in sonde en is 'n sondaar. (Psalm 51:7)

### b. Is jy gereed om VANDAG voor God te staan?

i. Is jy gereed om VANDAG voor Hom te staan en te antwoord: Waarom moet ek jou in die Ewige Lewe toelaat? Wat sal jy sê?
ii. Wederkoms of dood, ek weet nie watter een gaan eerste jou deel word nie. Jesus het gesê dat Hy weggaan en 'n plek regmaak, as die plek reg is gaan Hy Sy kinders kom haal (Johannes 14), maar hy kom haal ook mense deur die dood. (eerste dood)

**My vraag aan jou: Watter een ook al eerste kom, is jy gereed vir die Ewigheid?**

Die Here druk die vraag op my hart, want die tyd is min!

Daar is geen waarborge nie, behalwe HY!

Mag God jou die wysheid gee deur die Heilige Gees om die offer van Jesus te aanvaar en nie net wedergebore te word nie, maar ’n diensbare, volwasse, kind van God wat aktief in Sy Koninkryk ’n verskil maak.

**Amen.**

**Groete, Marius van Jaarsveld**

marius@ahavah.org.za of www.ahavah.org.za